

Nuusbrief – Maart 2017

Stephan Louw

Voeding van ramme

Vrugbaarheid van ramme hang van (1) die kwaliteit van die semen, (2) die mate waartoe die geslagskanaal ontwikkel is en (3) die vermoë van die ram om die semen oor te dra na die ooi. Voeding het n merkbare effek op elk van die bogenoemde parameters.

➤ Semen kwaliteit

Die voedingsvlak en dus ook die teenwoordigheid van die korrekte, en ook genoegsame nutriente, speel n belangrike rol in semen kwaliteit en beïnvloed die volume, konsentrasie, motiliteit en ook die teenwoordigheid van abnormaliteite in die ram se semen. Volume van die semen verminder drasties in ramme wat gewigsverliese toon. Daarteenoor word dieselfde effek, hoewel in n mindere mate, gesien in ramme wat aan n uitermatige hoe voedingspyl onderwerp word.

Konsentrasie, asook die motiliteit van semen toon n negatiewe tendens by ramme wat beide oor- en ondervoed is. By ramme wat gewigsverliese toon kan daar n afname in motiliteit verwag word na 2 maande van ondervoeding. Ramme wat op n matige vlak bo onderhoud gevoer word sal die beste semen motiliteit toon.

Die effek van verskillende nutriente op semen kwaliteit kan nie nagelaat word

nie. Indien voeding van die ram nie geskied in die vorm van n volledige voer nie is dit uiters belangrik om eers die tekorte in alternatiewe voeding vas te stel voor daar gekyk word na aanvullende voeding soos lekke en konsentrate. Behalwe vir die relatief bekende energie en proteien vlakke is dit veral ook belangrik om die mikro-en makromineraal komponente van die byvoeding in ag te neem.

Ramme wat byvoorbeeld op n negatiewe fosfaat(P) peil is toon beter semen kwaliteit indien hulle n aanvulling van anorganiese P 2 maande voor paartyd kry. Daar moet egter gewaak word teen te hoe P-innames weens die moontlikheid van die ontwikkeling van blaasstene.

Dus kan daar gese word dat die regte balans van nutriente in die voeding n groter effek het op die prestasie van die dier as die vlak van enige idividule nutrient.



➤ Libido

Libido, soos gemeet in die aantal ejakulasies, aantal spronge per ejakulasie en tyd wat dit neem om die ooi te dek, verskil met verandere vlakke van voeding. Ramme wat teen n lae voedingspyl gehou word en gewigsverliese ondergaan toon n afname in libido. Hierdie verskynsel is te danke aan spierswakheid en is n wesenlike probleem by ondervoede ramme wat lei tot meer spronge per ejakulasie en verlengde tyd wat dit neem om n ooi te dek.

➤ Geslagskanaal ontwikkeling

Die vlak van voeding hou n definitiewe verband met die tempo waarteen die geslagskanaal ontwikkel. Na geboorte ontwikkeling van die geslagkanaal, soos waargeneem in die uitsakking van die testis, is nouverwant aan die fisiologiese ouderdom van die dier eerder as die kronologiese ouderdom. Dus kan daar waargeneem word dat teen n hoer as

onderhouds voedingspeil puberteit op n vroeer ouderdom teweeg gebring kan word, met gepaardgaande hoer gewig van die dier.

➤ Voedingstrategie

Gedurende die aktiewe groeistadium van die ramme is dit belangrik dat hulle so gevoer word dat hul genetiese potensiaal t.o.v groeitempo maksimaal benut word, terwyl n volwasse ram net in goeie kondisie gehou hoef te word. Probleme ontstaan wel as ramme op n hoe voedingsvlak gevoer word vir skoue of veilings. Die diere pas moeilik aan onder veral ekstensiewe toestande en behoort n mate van aanpassing gegun te word voor die ram vir teling gebruik kan word. Die aanpassing moet geleidelik geskied om onnodige skok te vermy en optimale vrugbaarheid te verseker.

